LAERSKOOL GOEDEHOOP

# Goedes Nuusbrief

GROEI EN BLOEI

NUUSBRIEF 29/2026

## Mnr Gawie sê sy sê...Vas te hou, aan te hou

In 1914 het die ontdekkingsreisiger Ernest Shackleton en sy bemanning met hul skip, die Endurance, in die ys van Antarktika vasgeval. Vir amper twee jaar was hulle gestrand in die koudste, mees onherbergsame plek op aarde. Die skip is uiteindelik deur die ys verpletter, en alle menslike hoop was verlore. Shackleton het egter geweier om op te gee. Hy het sy oë op die einddoel gehou en sy manne voortdurend bemoedig. Ten spyte van ongelooflike ontberings, bevriesing en hongersnood, het hy vasgehou aan die geloof dat hulle gered sou word. Danksy sy leiding het die bemanning bymekaar gebly en almal het die ontbering oorleef. Ek glo nie in toeval nie, daar is seker 'n rede waarom die skip se naam “Endurance” was. Om vas te hou en aan te hou is 'n wonderlike karaktereienskap, dit word egter nie op die rusbank ontwikkel nie. Ons moet uithou om hierdie eienskappe te ontwikkel. Wanneer ons die Woord van God ken kan ons altyd herinner word aan Sy wonderlike beloftes wat in die Skrif opgeteken is. Ons lees die volgende in Jesaja 41:10 – "Moenie bang wees nie, Ek is by jou, moenie bekommerd wees nie, Ek is jou God. Ek versterk jou, Ek help jou, Ek hou jou vas met my eie hand wat redding bring.”

## Week se Program

### 31 Augustus 2026

- **Krieketliga o/9 vs LS Trichardt (Weg)**
- **Tennisliga vs LS Trichardt**

### 1 September 2026

- **Toets: SW**
- **Krieketliga o/10 (Tuis), o/11 (Weg) vs LS CR Swart**

### 2 September 2026

- **Goegieland Gradeplegtigheidsfoto’s**

### 3 September 2026

- **Toets: Afrikaans**
- **Krieketliga o/12 (Tuis), o/13 (Weg) vs LS CR Swart**
- **Hokkieliga D o/10 tot o/13 vs Curro**

### 4 September 2026

- **Hokkieliga S vs LS JJ vd Merwe (Weg)**

### 5 September 2026

- **Bergfiets TWK Finaal**
- **Hokkie Dogters Streek Uitspele**
- **Mini-Hokkie te Highveld Ridge**
- **Landloop ASA SA’s**

### 31 Aug tot 11 Sept 2026

- **Eisteddfod Eng Speech & Drama**

## Goegieland

**VRUGTE VAN DIE GEES:** Baie dankie aan almal vir die ongelooflike kreatiwiteit en moeite met ons Vrugte van die Gees-pretdag! Goegieland was behoorlik 'n kleurvolle vrugtemark vol oulike vruggies! 'n Spesiale dankie aan almal wat 'n bydrae van vrugte gestuur het. Die maats het heerlik geproe aan al die verskillende vrugte en sommer 'n paar nuwe gunstelinge ontdek. Dit was 'n heerlike en gesonde manier om die dag te vier!

**2 SEPTEMBER 2026 - GRAAD 0 GRADEPLEGTIGHEID-FOTO’S:** Ons herinner ouers asseblief aan die Graad 0 Gradeplegtigheidsfoto's wat op Woensdag, 2 September 2026 geneem sal word. Maats hoef slegs te sorg dat hul hare mooi en netjies is. Dit is nie nodig vir spesiale of netjiese klere nie, aangesien die klere in elk geval met die gradeplegtigheidstoga bedek sal word. Dogters mag die oggend met hul hare los skool toe kom, maar stuur asseblief 'n borsel en rekkies saam. Juffrou sal die maats help om hul hare reg te maak voor die foto's. Baie dankie vir julle samewerking en ondersteuning!

**4 SEPTEMBER 2026 LOSLITDAG:** Onthou asseblief ook van Loslitdag, Vrydag 4 September 2026. Loslitplakkers kan aangekoop word op die Karri-toep.

Groete uit Goegieland

## Hoe maak jy klaar?

Die kwartaal is verby die helfde en ons moet onsself soms net skud om dit te besef. Die toetsreeks het begin en ons vertrou die maats is op hoogte van die werk wat geassesseer moet word. Volgende week is September, dan beweeg ons in die finale fase van die liga's in en maak reg vir die uitspeelwedstryde. Eisteddfod is aan die gang en ons wonder miskien, het ek mooi gedink toe ek al hierdie perde opgesaal het? Dit is dan ook in die volgende tyd wat ons uithouvermoë getoets word. Ons almal ken die beginsel, dis nie hoe jy begin wat belangrik is nie, maar hoe jy klaarmaak.

## Eskom Expo

Baie geluk aan Philip Cloete en Leané Luddick wat gekies is om aan die International Science Fair Expo deel te neem. Die Eskom Expo for Young Scientists vind plaas in die Oktoberskoolvakansie.






# Eisteddfod Afrikaans

Baie geluk aan die volgende Goedehopers wat itemwenners was in hul betrokke kategorie.

| | | |
|---|---|---|
| Mieke Bam | Graad 7 | Samespraak |
| Leané Luddick | Graad 7 | Gedramatiseerde Poësie |
| | | Onvoorbereide Mimiek |
| Linay Hartzer | Graad 6 | Onvoorbereide Mimiek |
| | | Ongedramatiseerde Voordrag |
| Donné Pretorius | Graad 1 | Klein Groepvoordrag |
| Evalt Vermaas | Graad 1 | Klein Groepvoordrag |
| | | Onvoorbereide Lees |
| Danel van der Walt | Graad 1 | Klein Groepvoordrag |
| Pietro van Rooyen | Graad 1 | Klein Groepvoordrag |
| Zetcke Soule | Graad 1 | Klein Groepvoordrag |
| | | Ongedramatiseerde Voordrag |
| Olivia Venter | Graad 1 | Klein Groepvoordrag |
| Miané Fourie | Graad 1 | Klein Groepvoordrag |
| Hailey Herbst | Graad 7 | Ongedramatiseerde Voordrag |
| Dihano Annandale | Graad 3 | Ongedramatiseerde Voordrag |
| Mia-né Smit | Graad 4 | Ongedramatiseerde Poësie |





























# Drama

Baie geluk aan elke leerder wat deelgeneem het aan die Afrikaanse afdeling van die Eisteddfod, met julle pragtige prestasies! Ons is baie trots op julle! Ons begin Maandag met die Engelse afdeling van die Eisteddfod en wil graag elkeen wat deelneem baie sterkte toewens.

**DRAMAKLUB**

Die volgende leerders het die laaste 3 weke aan die Con Spirito Forte Nasionale kompetisie deelgeneem en het die volgende puik prestasies behaal:

| | | |
|---|---|---|
| Klara Meyer (Graad 2): | Monoloog | 96% |
| Luka Breytenbach (Graad 3): | Monoloog | 91% |
| | Gedramatiseerde Poësie | 92% |
| | Dramatised Poetry | 92% |
| Simon Mostert (Graad 4): | Dramatised Poetry | 93% |
| | Mime | 90% |
| Ilinche Schépers (Graad 5): | Monoloog | 91% |




| 31 Aug | 1 Sep | 2 Sep | 3 Sep | 4 Sep | 5 Sep | 6 Sep |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Leah Mentz<br>Ulaine Kleynhans | Tristan v Schalkwyk | Migael Momberg<br>Michael Prinsloo<br>Christian Prinsloo | Lewanné Jonker<br>Olivia Ter Poorten<br>Pedro Vermeulen<br>Edrian Osborne<br>Thea v Rooyen | Dylan Koekemoer<br>Amory Geyer<br>Madison v Jaarsveld | Karlienke Koekemoer | Hailey Moffett<br>Illincke Viljoen<br>Wiandré Rossouw |

# Dankbaarheid




Hierdie week is ons harte vol dankbaarheid. Ons is dankbaar vir die kos wat elke dag op ons tafel is – 'n eenvoudige seën wat ons soms maklik as vanselfsprekend aanvaar. Ons is ook dankbaar dat ons elke dag skool toe kan kom, kan leer, speel, vriende maak en saam groei. Maar bo alles is ons dankbaar vir Jesus en die groot liefde wat Hy vir ons het. Hy het aan die kruis vir ons gesterf sodat ons vergifnis en die hoop op 'n nuwe lewe kan hê. Mag ons hierdie week met dankbare harte leef en nooit vergeet hoe baie ons het om voor dankbaar te wees nie.

# Krieketliga

Ons jong krieketspelers het die afgelope tyd met groot entoesiasme en vasberadenheid die veld betree en waardevolle wedstrydervaring opgedoen. Die o/9-span het teen Standerton gespeel en met 9 paaltjies verloor. Die o/10-span het teen Middelburg te staan gekom en met 59 lopies verloor, terwyl die o/11-span met 61 lopies die knie moes buig. Jason Hartzenberg het egter uitgeblink met 'n uitstekende 55 lopies van 47 balle. Die o/12-span het ook teen Middelburg kragte gemeet en met 54 lopies verloor. Die o/13-span het egter vir 'n besondere hoogtepunt gesorg! Hulle het Middelburg met 8 paaltjies geklop. 'n Uitstaande boulvertoning deur Jayden van Aswegen, wat vier boulbeurte afgelewer het en 5 paaltjies geneem het vir 14 lopies, het 'n groot bydrae tot die oorwinning gelewer. Baie geluk aan al ons spelers! Elke wedstryd bring nuwe geleenthede om te leer, te groei en as 'n span sterker te word. Ons is trots op julle en sien uit na die res van die seisoen!







# Krieket Gert Sibande-spanne

Baie geluk aan die volgende seuns wat gekies is vir Gert Sibande krieket spanne:

**o/11-krieketspan:**
Nathan Prinsloo
Jason Hartzenberg
Gabriel Vermeulen


**o/12-krieketspan:**
HW Meyer
Sebastian le Roux
AJ vd Merwe
Stephan Koekemoer
Clayton Schreuder

**o/13-krieketspan:**
Daniël Lesch
CJ Meyer
Jayden v Aswegen
Zian Mocke
Alister Walters







































# Tennis

Wat 'n ongelooflike toernooi van harde werk, deursettingsvermoë en goeie sportmangees! Ons spelers het alles op die baan gegee en met trots ons skool se naam verteenwoordig. Ons is ongelooflik trots op elke speler! Julle het gewys wat dit beteken om met hart, karakter en passie te speel. Baie dankie aan ons spelers, afrigters en ondersteuners vir julle harde werk en aanmoediging.



**Super 12 – Uitslae:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rustenburg: | Seuns verloor | - | Dogters wen |
| Saamtrek: | Seuns verloor | - | Dogters verloor |
| Helderkruin: | Seuns wen | - | Dogters wen |
| Randhart: | Seuns verloor | - | Dogters verloor |

**Uitspele:**
Seuns: 15de uit 20 skole
Dogters: 11de uit 20 skole

**Reserwes:**
Dogter: 13de uit 17 skole
Seun: 7de uit 17 skole

# Hokkie

Baie geluk aan ons hokkiespanne wat die week van 17 tot 22 Augustus 2026 goeie resultate opgelewer het - ons is baie trots op julle!

## Hokkie Spelers van die Wedstryd 17 tot 22 Augustus 2026




**Woensdag, 19 Augustus 2026 – Seuns teen Laerskool Kruinpark**

- o/10: Goedehoop wen 1 - 0
- o/11: Goedehoop wen 2 - 0
- o/12: Goedehoop wen 6 - 0
- o/13: Goedehoop wen 9 - 0

**Donderdag, 5 Augustus 2026 – Dogters teen Laerskool Marietjie van Niekerk**

- o/11: Goedehoop wen 2 -1
- o/12: Goedehoop verloor 0 - 2
- o/13: Goedehoop wen 1 - 0

**Vrydag, 21 Augustus 2026 – Seuns teen Laerskool Oranjegloed**

- o/10: Goedehoop wen 2 - 0
- o/11: Goedehoop verloor 0 - 2
- o/12: Goedehoop wen 2 - 0
- o/13: Goedehoop verloor 8 - 0

Ons is trots op elke speler wat met toewyding, spanwerk en sportmanskap Laerskool Goedehoop se naam op die veld verteenwoordig. Hou aan hard werk en gee altyd jou beste!




# Loslitdag

Kom ons klop as een en wys dat elke persoon se bydrae 'n verskil maak! Vir slegs R20 kan leerders 'n Loslitdag-plakker koop en op Vrydag, 4 September 2026, hul gewone klere aantrek. Deur 'n plakker te koop, ondersteun ons Marietjie Skool (want local is lekker!) en help ons om bewustheid, insluiting en ondersteuning vir persone met gestremdhede te bevorder. Dra jou kreatiwiteit. Wys jou hart. Dra loslit. Maak 'n verskil! Kom ons beweeg nie net saam nie – kom ons harte klop saam! Dra jou kreatiwiteit, wys jou hart!




LAERSKOOL GOEDEHOOP

GROEI EN BLOEI

**Goedehoop-Groete**
**Mnr Gawie van Niekerk**
**Prinsipaal**

